Gegee onder my Hand en Grootseël te Bloemfontein, op hede die Vierde dag van November Eenduisend Negehonderd Vier-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

T. E. DÖNGES.

BYLAE.

IN DIE MAGISTRAATSDISTRIK VAN OBERHOLZER.

Beskrywing van gebied.	*Kantoor van die Landmeter-generaal. Verwysingsnommer van kaart.*
Gedeelte No. 54 van die plaas Oog van Wonderfontein No. 39, Distrik Oberholzer.....	L.G. No. A. 3579/21.
Gedeelte A van Gedeelte No. 60 van die plaas Oog van Wonderfontein No. 39, Distrik Oberholzer.....	L.G. No. A. 426/35.

✱ No. 230, 1954.]

DEFINITION OF AREAS TO WHICH THE PROVISIONS OF SECTIONS *TWELVE* AND *THIRTEEN* AND PARAGRAPH (*b*) OF SUB-SECTION (3) OF SECTION *THIRTEEN* OF THE GROUP AREAS ACT, 1950, AS AMENDED, APPLY.

Under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (1) of section *eleven* and paragraph (*a*) of sub-section (3) of section *thirteen* respectively of the Group Areas Act, 1950 (Act No. 41 of 1950), I do hereby:—

(1) declare that the provisions of sections *twelve* and *thirteen* of the said Act shall apply, with effect from the date of publication hereof, to the areas situate in the Magisterial District of Johannesburg, in the Province of the Transvaal and described in the Schedule hereto; and

(2) define the said areas for the purposes of paragraph (*b*) of sub-section (3) of section *thirteen* of the said Act.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Bloemfontein on this Fourth day of November, One thousand Nine hundred and Fifty-four.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

T. E. DÖNGES.

SCHEDULE.

IN THE MAGISTERIAL DISTRICT OF JOHANNESBURG.

Description of Area.	*Office of the Surveyor-General. Diagram Reference Number.*
Nancefield:—	
Lot No. 11.....	General Plan S.G. No. A. 36/04.
Lot No. 12.....	S.G. No. A. 3275/05.
Lot No. 13.....	S.G. No. A. 1918/05.
Lot No. 27.....	S.G. No. A. 4786/05.
Lot No. 28.....	S.G. No. A. 2107/05.
Lot No. 29.....	S.G. No. A. 444/06.

✱ No. 231, 1954.]

DEFINITION OF AREAS TO WHICH THE PROVISIONS OF PARAGRAPH (*b*) OF SUB-SECTION (3) OF SECTION *THIRTEEN* OF THE GROUP AREAS ACT, 1950, AS AMENDED, APPLY.

Under and by virtue of the powers vested in me by paragraph (*a*) of sub-section (3) of section *thirteen* of the Group Areas Act, 1950 (Act No. 41 of 1950), I do hereby define the areas situate in the municipal area of Rensburgdorp in the Province of Transvaal and described in the Schedule hereto, for the purposes of paragraph (*b*) of the said sub-section.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Bloemfontein on this Fourth day of November, One thousand Nine hundred and Fifty-four.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency
the Governor-General-in-Council.

T. E. DÖNGES.

SCHEDULE.

IN THE MUNICIPAL AREA OF RENSBURGDORP.

Description of Area.	*Office of the Surveyor-General. Diagram Reference Number.*
Portion A of Plot No. 505...	S.G. No. A. 3931/38.
Remainder of Plot No. 505..	S.G. No. A. 358/98.
Erf No. 521.....	General Plan S.G. No. 166/97.
Erf No. 522.....	General Plan S.G. No. 166/97.
Erf No. 523.....	General Plan S.G. No. 166/97.
Erf No. 524.....	General Plan S.G. No. 166/97.
Erf No. 544.....	General Plan S.G. No. 166/97.
Erf No. 1044.....	S.G. No. A. 1024/04.
Erf No. 1179.....	S.G. No. A. 4613/03.

✱ No. 230, 1954.]

OMSKRYWING VAN GEBIEDE WAAROP DIE BEPALINGS VAN ARTIKELS *TWAALF* EN *DERTIEN* EN PARAGRAAF (*b*) VAN SUBARTIKEL (3) VAN ARTIKEL *DERTIEN* VAN DIE WET OP GROEPSGEBIEDE, 1950, SOOS GEWYSIG, VAN TOEPASSING IS.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) van artikel *elf* en paragraaf (*a*) van subartikel (3) van artikel *dertien* respektiewelik van die Wet op Groepsgebiede, 1950 (Wet No. 41 van 1950)—

(1) verklaar ek hierby dat die bepalings van artikels *twaalf* en *dertien* van genoemde Wet vanaf die datum van publikasie hiervan van toepassing is in die gebiede wat in die magistraatsdistrik van Johannesburg in die Provinsie Transvaal geleë is en in die Bylae hiervan beskryf word; en

(2) omskryf ek hierby genoemde gebiede, vir die toepassing van paragraaf (*b*) van subartikel (3) van artikel *dertien* van genoemde Wet.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Bloemfontein, op hede die Vierde dag van November Eenduisend Negehonderd Vier-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

T. E. DÖNGES.

BYLAE.

IN DIE MAGISTRAATSDISTRIK VAN JOHANNESBURG.

Beskrywing van gebied.	*Kantoor van die Landmeter-generaal. Verwysingsnommer van kaart.*
Nancefield:—	
Lot No. 11.....	Algemene Plan L.G. No. A. 36/04.
Lot No. 12.....	L.G. No. A. 3275/05.
Lot No. 13.....	L.G. No. A. 1918/05.
Lot No. 27.....	L.G. No. A. 4786/05.
Lot No. 28.....	L.G. No. A. 2107/05.
Lot No. 29.....	L.G. No. A. 444/06.

✱ No. 231, 1954.]

OMSKRYWING VAN GEBIEDE WAAROP DIE BEPALINGS VAN PARAGRAAF (*b*) VAN SUBARTIKEL (3) VAN ARTIKEL *DERTIEN* VAN DIE WET OP GROEPSGEBIEDE, 1950, SOOS GEWYSIG, VAN TOEPASSING IS.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by paragraaf (*a*) van subartikel (3) van artikel *dertien* van die Wet op Groepsgebiede, 1950 (Wet No. 41 van 1950), omskryf ek hierby, vir die toepassing van paragraaf (*b*) van genoemde subartikel, die gebiede wat in die munisipale gebied van Rensburgdorp in die Provinsie Transvaal geleë is en in die Bylae hiervan beskryf word.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Bloemfontein, op hede die Vierde dag van November Eenduisend Negehonderd Vier-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

T. E. DÖNGES.

BYLAE.

IN DIE MUNISIPALE GEBIED VAN RENSBURGDORP.

Beskrywing van gebied.	*Kantoor van die Landmeter-generaal. Verwysingsnommer van kaart.*
Gedeelte A van Plot No. 505	L.G. No. A. 3931/38.
Restant van Plot No. 505....	L.G. No. A. 358/98.
Erf No. 521.....	Algemene Plan L.G. No. 166/97.
Erf No. 522.....	Algemene Plan L.G. No. 166/97.
Erf No. 523.....	Algemene Plan L.G. No. 166/97.
Erf No. 524.....	Algemene Plan L.G. No. 166/97.
Erf No. 544.....	Algemene Plan L.G. No. 166/97.
Erf No. 1044.....	L.G. No. A. 1024/04.
Erf No. 1179.....	L.G. No. A. 4613/03.

✱ No. 232, 1954.]

ELECTION OF A SENATOR.—PROVINCE OF NATAL.

Whereas it has been notified to me that a vacancy has occurred in the representation of the Province of Natal in the Senate by reason of the resignation of Senator the Right Honourable George Heaton Nicholls;

Now therefore, under and by virtue of the powers and authority vested in me by sub-paragraph (2) of paragraph 2, sub-paragraph (1) of paragraph 5, and paragraph 34 of the Regulations Governing the Joint Election of Senators, made under section *twenty-five* of the South Africa Act, 1909, and published under Government Notice No. 2011 of the 8th November, 1920, as amended by Government Notices No. 155 of the 25th January, 1921, No. 1574 of the 14th September, 1928, and No. 1493 of the 9th September, 1938, I do hereby declare as follows:—

(1) That a vacancy exists in the representation of the Province of Natal in the Senate;
(2) that a sitting of members of the House of Assembly elected for that Province and of members of the Provincial Council of the said Province shall be held on Wednesday, the eighth day of December, 1954, at eleven o'clock in the forenoon in the Chamber of the Provincial Council, Pietermaritzburg, for the purpose of electing a Senator to fill the said vacancy;
(3) that Mr. Thomas Frederick Blake Massingham, Clerk-Assistant of the Provincial Council of the Province of Natal, is hereby appointed to be the assistant returning officer at the election to fill the said vacancy.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Bloemfontein on this Fourth day of November, One thousand Nine hundred and Fifty-four.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

T. E. DÖNGES.

✱ No. 233, 1954.]

Whereas, under and by virtue of sub-section (*c*) of section *eighteen* of the Reserved Minerals Development Act, 1926 (Act No. 55 of 1926), the Governor-General may from time to time add any land to the Second Schedule to the said Act by proclamation in the *Government Gazette;*

And whereas it is expedient that the farms Leeuwkop No. 148, Thankerton No. 527, Genoeg No. 493, Leeuwspruit No. 475 and the remainder of Sable No. 145, District Letaba, Mining District of Pietersburg, Transvaal Province, shall be added to the said Second Schedule;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by the said sub-section (*c*) of section *eighteen* of the Reserved Minerals Development Act, 1926 (Act No. 55 of 1926), I do hereby declare that the land described above shall be and is hereby added to the said Second Schedule to the Reserved Minerals Act, 1926.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Bloemfontein on this Fifth day of November, One thousand Nine hundred and Fifty-four.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

A. J. R. VAN RHIJN.

M.M. 15/1/580.
M.M. 15/1/3947.
M.M. 15/1/1087.

✱ No. 232, 1954.]

VERKIESING VAN 'N SENATOR.—PROVINSIE NATAL.

Aangesien dit tot my kennis gebring is dat daar weens die bedanking van Senator die Hoogedele George Heaton Nicholls 'n vakature in die verteenwoordiging van die Provinsie Natal in die Senaat ontstaan het;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by subparagraaf (2) van paragraaf 2, subparagraaf (1) van paragraaf 5, en paragraaf 34 van die Regulasies betreffende die Gesamentlike Verkiesing van Senatore, opgestel kragtens artikel *vyf-en-twintig* van die Suid-Afrika Wet, 1909, en afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 2011 van 8 November 1920, soos gewysig by Goewermentskennisgewings No. 155 van 25 Januarie 1921, No. 1574 van 14 September 1928 en No. 1493 van 9 September 1938, hierby as volg verklaar:—

(1) Dat daar 'n vakature in die verteenwoordiging van die Provinsie Natal in die Senaat bestaan;
(2) dat 'n sitting van lede van die Volksraad wat vir gemelde Provinsie gekies is en van die lede van die Provinsiale Raad van gemelde Provinsie op Woensdag, die agste dag van Desember 1954, om elfuur in die voormiddag in die Provinsiale Raadsaal, Pietermaritzburg, sal plaasvind, met die doel om 'n Senator ter aanvulling van gemelde vakature te kies;
(3) dat mnr. Thomas Frederick Blake Massingham, Klerk-assistent van die Provinsiale Raad van die Provinsie Natal, hierby as assistent-kiesbeampte by die verkiesing om gemelde vakature te vul, benoem word.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Bloemfontein, op hede die Vierde dag van November Eenduisend Negehonderd Vier-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

T. E. DÖNGES.

✱ No. 233, 1954.]

Nademaal die Goewerneur-generaal kragtens subartikel (*c*) van artikel *agtien* van die Wet op de Ontginning van Voorbehouden Mineralen, 1926 (Wet No. 55 van 1926), van tyd tot tyd by proklamasie in die *Staatskoerant* grond aan die Tweede Bylae van gemelde Wet kan toevoeg;

En nademaal dit dienstig is dat die plase Leeuwkop No. 148, Thankerton No. 527, Genoeg No. 493, Leeuwspruit No. 475 en die restant van Sable No. 145 distrik Letaba, myndistrik Pietersburg, provinsie Transvaal, aan gemelde Tweede Bylae toegevoeg word;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by gemelde subartikel (*c*) van artikel *agtien* van die Wet op de Ontginning van Voorbehouden Mineralen, 1926 (Wet No. 55 van 1926), hierby verklaar dat die grond wat hierbo beskryf word, hierby aan gemelde Tweede Bylae van die Wet op de Ontginning van Voorbehouden Mineralen, 1926, toegevoeg word.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Bloemfontein, op hede die Vyfde dag van November Eenduisend Negehonderd Vier-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

A. J. R. VAN RHIJN.

M.M. 15/1/580.
M.M. 15/1/3947.
M.M. 15/1/1087.

✱ No. 234, 1954.]

PROCLAMATION OF FARMS IN THE DISTRICT OF SOUTPANSBERG AS NATIVE LOCATIONS.

Under and by virtue of the powers vested in me by section *nineteen* of the Natives Taxation and Development Act, 1925 (Act No. 41 of 1925), as amended, in rsepect of the definition of "Native Location" contained therein, I do hereby declare that the farms in the district of Soutpansberg described in the Schedule hereto shall be Native Locations for the purpose of that Act.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Pretoria on this Thirteenth day of October, One thousand Nine hundred and Fifty-four.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

H. F. VERWOERD.

SCHEDULE.

Steamboat No. 461, Voorhout No. 529, Inkom No. 960, Longden No. 526, Weg-van-My No. 963, Sais No. 964, Simpson No. 965, Lappidood No. 966, Royston No. 530, Donkerhoek No. 525, Arrie No. 62, Juniorsloop No. 524, Zwolle No. 528, Grootpan No. 527.

✱ No. 234, 1954.]

PROKLAMASIE VAN PLASE IN DIE DISTRIK SOUTPANSBERG TOT NATURELLELOKASIES.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *negentien* van die Naturelle Belasting en Ontwikkeling Wet, 1925 (Wet No. 41 van 1925), soos gewysig, ten opsigte van die omskrywing van „Naturellelokatie" wat daarin voorkom, verklaar ek hierby dat die plase in die distrik Soutpansberg wat in die Bylae hiervan omskryf word vir die toepassing van genoemde Wet Naturellelokasies is.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Pretoria, op hede die Dertiende dag van Oktober Eenduisend Negehonderd Vier-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

H. F. VERWOERD.

BYLAE.

Steamboat No. 461, Voorhout No. 529, Inkom No. 960, Longden No. 526, Weg-van-My No. 963, Sais No. 964, Simpson No. 965, Lappidood No. 966, Royston No. 530, Donkerhoek No. 525, Arrie No. 62, Juniorsloop No. 524, Zwolle No. 528, Grootpan No. 527.

GOVERNMENT NOTICES.

The following Government Notices are published for general information:—

OFFICE OF THE PRIME MINISTER AND DEPARTMENT OF EXTERNAL AFFAIRS.

✱ No. 2373.] [19 November 1954.

It is hereby notified that Mr. H. T. Andrews was received by the President of Switzerland on the 2nd November, 1954, on which occasion he presented his Letter of Credence as Envoy Extraordinary and Minister Plenipotentiary of the Union of South Africa in Switzerland.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer:—

KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER EN DEPARTEMENT VAN BUITELANDSE SAKE.

✱ No. 2373.] [19 November 1954.

Hierby word bekendgemaak dat mnr. H. T. Andrews op 2 November 1954 deur die President van Switserland ontvang is en dat hy by daardie geleentheid sy Geloofsbrief as Buitengewone Gesant en Gevolmagtigde Minister van die Unie van Suid-Afrika in Switzerland oorhandig het.

DEPARTMENT OF FINANCE.

DEPARTEMENT VAN FINANSIES.

✱No. 2343.] [17 November, 1954.

SOUTH AFRICAN RESERVE BANK.

Statement, pursuant to Section *nineteen* (1) (*a*) of Act No. 29 of 1944, of Liabilities and Assets on the 30th day of October, 1954.

LIABILITIES.	£	s.	d.
Capital	1,000,000	0	0
Reserve Fund	2,816,412	9	8
Notes in Circulation	101,458,389	10	0
Deposits:—			
(*a*) Government	6,424,200	8	10
(*b*) Bankers	42,868,235	16	9
(*c*) Other	8,288,279	10	2
Bills Payable	—		
Other Liabilities	15,256,558	12	5
	£178,112,176	7	10

ASSETS.	£	s.	d.
Gold Coin and Bullion (at 248s. 0d. per oz. fine) of which £12,084,237. 19s. 1d. held outside Union	70,430,661	13	6
Subsidiary Coin	251,036	13	0
Bills Discounted:—			
(*a*) Domestic	—		
(*b*) Foreign	52,493,986	17	9
Loans and Advances to the Government	5,000,000	0	0
Other Loans and Advances	4,744,934	10	11
Government Securities	32,454,676	11	7
Other Securities:—			
(*a*) Union	2,516,175	19	7
(*b*) Foreign	2,189,227	4	5
Other Assets:—			
(*a*) In Union	3,776,132	14	0
(*b*) Outside Union	4,255,344	3	1
	£178,112,176	7	10

Ratio of gold reserves to liabilities to public, 65·1 per cent.

Signed this 5th day of November, 1954.

S. F. T. GREAVES, Deputy Chief Cashier.

✱ No. 2343.] [17 November 1954.

SUID-AFRIKAANSE RESEREWBANK.

Staat, ingevolge artikel *negentien* (1) (*a*) van Wet No. 29 van 1944, van die Laste en Bates op die 30ste dag van Oktober 1954.

Laste.	£	s.	d.
Kapitaal	1,000,000	0	0
Reserwefonds	2,816,412	9	8
Note in omloop	101,458 389	10	0
Deposito's van:—			
(*a*) Regering	6,424,300	8	10
(*b*) Bankiers	42,868,235	16	9
(*c*) Andere	8,288,279	10	2
Te betale wissels	—		
Ander laste	15,256,558	12	5
	£178,112,176	7	10

Bates.	£	s.	d.
Goudmunt en staafgoud (teen 248s. 0d. per fyn ons) waarvan £12,084,237. 19s. 1d. buite die Unie gehou word)	70,430,661	13	6
Pasmunt	251,036	13	0
Gediskonteerde wissels:—			
(*a*) Binnelandse	—		
(*b*) Buitelandse	52,493,986	17	9
Lenings en voorskotte aan die Regering	5,000,000	0	0
Ander lenings en voorskotte	4,744,934	10	11
Staatseffekte	32,454,676	11	7
Ander effekte:—			
(*a*) Unie	2,516,175	19	7
(*b*) Buitelandse	2,189,227	4	5
Ander bates:—			
(*a*) In die Unie	3,776,132	14	0
(*b*) Buite die Unie	4,255,344	3	1
	£178,112,176	7	10

Verhouding van goudreserwe tot verpligtings teenoor die publiek, 65·1 persent.

Geteken die 5de dag van November 1954. S. F. T. GREAVES, Onderhoofkassier.

✱ No. 2370.] [19 November 1954.

SOUTH AFRICAN RESERVE BANK.

Statement, pursuant to Section *nineteen* (1) (*a*) of Act No. 29 of 1944, of Liabilities and Assets on the 5th day of November, 1954.

Liabilities.	£	s.	d.
Capital	1,000,000	0	0
Reserve Fund	2,816,412	9	8
Notes in Circulation	97,431,085	0	0
Deposits:—			
(*a*) Government	6,172,574	0	0
(*b*) Bankers	43,882,554	1	4
(*c*) Other	13,915,959	1	3
Bills Payable	—		
Other Liabilities	15,761,668	2	10
	£180,980,252	15	1

Assets.	£	s.	d.
Gold Coin and Bullion (at 248s. 0d. per oz. fine) of which £11,264,231. 13s. 2d. held outside Union	70,240,946	0	1
Subsidiary Coin	259,068	11	10
Bills Discounted:—			
(*a*) Domestic	—		
(*b*) Foreign	50,884,186	5	6
Loans and Advances to the Government	10,400,000	0	0
Other Loans and Advances	4,663,059	3	3
Government Securities	32,451,275	6	4
Other Securities:—			
(*a*) Union	2,516,175	19	7
(*b*) Foreign	2,189,227	4	5
Other Assets:—			
(*a*) In Union	2,267,419	16	4
(*b*) Outside Union	5,108,894	7	9
	£180,980,252	15	1

Ratio of gold reserves to liabilities to public, 62·0 per cent.

Signed this 10th day of November, 1954. S. F. T. GREAVES, Deputy Chief Cashier.

✱ No. 2370.] [19 November 1954.

SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK.

Staat, ingevolge artikel *negentien* (1) (*a*) van Wet No. 29 van 1944, van die Laste en Bates op die 5de dag van November 1954.

Laste.	£	s.	d.
Kapitaal	1,000,000	0	0
Reserwefonds	2,816,412	9	8
Note in omloop	97,431,085	0	0
Deposito's van:—			
(*a*) Regering	6,172,574	0	0
(*b*) Bankiers	43,882,554	1	4
(*c*) Andere	13,915,959	1	3
Te betale wissels	—		
Ander laste	15,761,668	2	10
	£180,980,252	15	1

Bates.	£	s.	d.
Goudmunt en staafgoud (teen 248s. 0d. per fyn ons) waarvan £11,264,231. 13s. 2d. buite die Unie gehou word	70,240,946	0	1
Pasmunt	259,068	11	10
Gediskonteerde wissels:—			
(*a*) Binnelandse	—		
(*b*) Buitelandse	50,884,186	5	6
Lenings en voorskotte aan die Regering	10,400,000	0	0
Ander lenings en voorskotte	4,663,059	3	3
Staatseffekte	32,451,275	6	4
Ander effekte:—			
(*a*) Unie	2,516,175	19	7
(*b*) Buitelandse	2,189,227	4	5
Ander bates:—			
(*a*) In die Unie	2,267,419	16	4
(*b*) Buite die Unie	5,108,894	7	9
	£180,980,252	15	1

Verhouding van goudreserwe tot verpligtings teenoor die publiek, 62·0 persent.

Geteken die 10de dag van November 1954. S. F. T. GREAVES, Onderhoofkassier.

✱ No. 2371.] [19 November 1954.

BUILDING SOCIETY RETURNS.

In terms of section *forty-four* (3) of the Building Societies Act, 1934, the following Composite Return is published for general information:—

✱ No. 2371.] [19 November 1954.

BOUVERENIGINGOPGAWES.

Ingevolge artikel *vier-en-veertig* (3) van die Bouverenigingswet, 1934, word onderstaande Saamgestelde Opgaaf vir algemene inligting gepubliseer:—

SUMMARY OF MONTHLY RETURNS BY PERMANENT BUILDING SOCIETIES FOR THE MONTH ENDED ON THE 30TH SEPTEMBER, 1954

(Required in terms of section *forty-four* of the Building Societies Act, 1934.)

SAMEVATTING VAN MAANDELIKSE OPGAWES DEUR PERMANENTE BOUVERENIGINGS VIR DIE MAAND GEËINDIG OP DIE 30STE DAG VAN SEPTEMBER 1954

(Ingevolge artikel *vier-en-veertig* van die Bouverenigingwet, 1934.)

Number of Societies—Aantal Verenigings		35.	
Share Capital—Aandelekapitaal—			
Indefinite—Onbepaalde		£157,479,380	
Fixed Period—Vaste termyn		9,136,306	
TOTAL—TOTAAL			£166,615,686
Unimpaired Reserve Funds—Onaangetaste Reserwefondse			14,395,303
Deposits—Deposito's—			
Fixed—Vaste		£121,634,479	
Savings—Spaar		69,116,800	
TOTAL—TOTAAL			£190,751,279
Accrued Interest—Opgelope Rente			3,651,905
Loans and Overdrafts—Lenings en Oortrekkings			1,173,000
Mortgage Advances—Voorskotte teen Verband—			
Number—Aantal—			
(i) Advances over £5,000—Voorskotte bo £5,000	£4,501		
(ii) All Advances—Alle Voorskotte	£163,007		
Amount—Bedrag—			
(i) Advances over £5,000—Voorskotte bo £5,000		£56,043,396	
(ii) All Advances—Alle Voorskotte			£297,463,930
Granted but not paid out—Toegestaan maar nie uitbetaal nie			£21,177,661
Liquid Assets—Likwide Bate—			
Cash and Deposits—Kontant en Deposito's		£12,542,717	
Unencumbered Securities—Onbeswaarde Effekte		54,641,468	
Accrued Interest—Opgelope Rente		661,866	
TOTAL—TOTAAL			£67,846,051
Statutory Minimum Amounts—Statutêre Minimum Bedrag		£47,634,857	

✱ No. 2374.] [19 November 1954.

3¼ PER CENT LOCAL REGISTERED STOCK, 12-YEAR LOAN.

CERTIFICATE No. 3690, FOR £40, ISSUED IN FAVOUR OF MISSES JANET MILDRED POMEROY AND ANNA GRACE EDITH POMEROY.

Application having been made to the Treasury for a duplicate of the above-mentioned Certificate of Stock, the original having been lost or mislaid, notice is hereby given that unless the original be produced at this office within four weeks from the date of publication of this Notice, a duplicate, as applied for, will be issued.

✱ No. 2374.] [19 November 1954.

PLAASLIKE GEREGISTREERDE EFFEKTE VAN 3¼ PERSENT, 12 JAAR-LENING.

SERTIFIKAAT No. 3690 VIR £40 TEN GUNSTE VAN MEJJ. JANET MILDRED POMEROY EN ANNA GRACE EDITH POMEROY.

Aangesien daar by die Tesourie aansoek gedoen is om 'n duplikaat van bovermelde effektesertifikaat wat verloor is of weggeraak het, word hierby bekendgemaak dat, tensy die oorspronklike binne vier weke na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing by hierdie kantoor ingelewer word, die verlangde duplikaat uitgereik sal word.

✱ No. 2375.] [19 November 1954.

3¼ PER CENT LOCAL REGISTERED STOCK, 12-YEAR LOAN.

CERTIFICATE No. 5146, FOR £80, ISSUED IN FAVOUR OF EXECUTOR TESTAMENTARY ESTATE LATE ROBERT COOK IN TRUST FOR PAMELA FLORENCE SCHMIDT.

Application has been made to the Treasury for a dplicate of the above-mentioned Certificate of Stock, the original having been lost or mislaid, notice is hereby given that unless the original be produced at this office within four weeks from the date of publication of this Notice, a duplicate, as applied for, will be issued.

✱ No. 2375.] [19 November 1954.

PLAASLIKE GEREGISTREERDE EFFEKTE VAN 3¼ PERSENT, 12 JAAR-LENING.

SERTIFIKAAT No. 5146 VIR £80 TEN GUNSTE VAN EKSEKUTEUR TESTAMENTÊR, BOEDEL WYLE ROBERT COOK IN TRUST VIR PAMELA FLORENCE SCHMIDT.

Aangesien daar by die Tesourie aansoek gedoen is om 'n duplikaat van bovermelde effektesertifikaat wat verloor is of weggeraak het, word hierby bekendgemaak dat, tensy die oorspronklike binne vier weke na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing by hierdie kantoor ingelewer word, die verlangde duplikaat uitgereik sal word.

✱ No. 2376.] [19 November 1954.

Notice is hereby given that the Transfer Books of the undermentioned Local Registered Stocks, will be closed from the 1st December, 1954, to the 1st January, 1955, both day's inclusive, and the dividends due on the 1st January, 1955, will be paid to the stockholders registered at the date of closing of the Transfer Books:—

2¾ Per Cent Local Registered Stock, 1958/63.
2⅞ Per Cent Local Registered Stock, 1956.

✱ No. 2376.] [19 November 1954.

Hierby word bekendgemaak dat die oordragboeke van ondergenoemde Plaaslike Geregistreerde Effekte van 1 Desember 1954 tot en met 1 Januarie 1955 gesluit sal wees en dat die diwidende betaalbaar op 1 Januarie 1955, aan die effektebesitters wat op die datum van die sluiting van die oordragboeke geregistreer is, betaal sal word:—

Plaaslike Geregistreerde Effekte van 2¾ Persent, 1958/63.
Plaaslike Geregistreerde Effekte van 2⅞ Persent, 1956.

3 Per Cent Local Registered Stock, 1951/56.

3 Per Cent Local Registered Stock, 1957/62.

3½ Per Cent Local Registered Stock, 1954/59.

3½ Per Cent Local Registered Stock, 1963/66.

4½ Per Cent Local Registered Stock, Cape of Good Hope Colonial (perpetual).

✱ No. 2387.] [19 November 1954.

BANKING ACT, 1942.—REGISTRATION.

In terms of section *eleven* (1) of the Banking Act, 1942, it is hereby notified for general information that the following institutions were registered on the 12th November, 1954, as *Commercial Banks* in terms of section *six* of that Act and that their provisional registration was cancelled with effect from that date:—

Banque de l'Indochine (South Africa), Limited.
The South African Bank of Athens, Limited.

✱ No. 2389.] [19 November 1954.

CUSTOMS ACT, No. 35 OF 1944.—REVOCATION OF AN ORDINARY DUMPING DUTY ON TELEPHONE CABLES.

I, NICOLAAS CHRISTIAAN HAVENGA, Minister of Finance, in terms of the powers vested in me by section *eighty-two* of the Customs Act, No. 35 of 1944, hereby repeal Government Notice No. 1947 of the 24th September, 1954.

N. C. HAVENGA,
Minister of Finance.

NOTE.—The effect of this Notice is to repeal the ordinary dumping duty on telephone cables imported from or originating in the Kingdom of the Netherlands.

DEPARTMENT OF LANDS.

✱ No. 2337.] [19 November 1954.

SALE OF CROWN LAND.

It is hereby notified for general information that the land, Lot Aerodio, situate in the Division of Maclear, Province of the Cape of Good Hope, measuring 2·5745 morgen, will be offered for sale by public auction by the firm Maclear Livestock Auctions, at the Magistrate's Office, Maclear, at 11 a.m. on Saturday, the 11th December, 1954.

The sale of the land shall be subject to confirmation by the Minister of Lands, and in the event of it not being confirmed, such moneys as may have been deposited by the purchaser, shall be refunded to him.

The purchase price, the Crown Grant Registration fee (£1. 7s. 3d.), transfer duty (3 per cent on purchase price), as well as the auctioneer's commission (5 per cent on the first £100 and thereafter 2½ per cent on the balance of the purchase price) shall be deposited by the purchaser on the day of sale.

A Crown Grant in respect of the land will be issued as soon as possible after confirmation on the sale by the Minister of Lands.

Conditions of sale, including such conditions as will be incorporated in the Crown Grant, shall be read out by the auctioneer on the day of the auction. The relative conditions may, in the meantime, be inspected at the office of the Provincial Representative, Department of Lands, Longkloof Buildings, Kloof Street, Cape Town; the Magistrate, Maclear, and the auctioneer. Copies of the conditions and copies of the diagram of the land may be obtained from any of the said offices.

The Department reserves the right to withdraw the property or any portion thereof from the sale.

Plaaslike Geregistreerde Effekte van 3 Persent, 1951/56.
Plaaslike Geregistreerde Effekte van 3 Persent, 1957/62.
Plaaslike Geregistreerde Effekte van 3½ Persent, 1954/59.
Plaaslike Geregistreerde Effekte van 3½ Persent, 1963/66.
Plaaslike Geregistreerde Effekte van 4½ Persent, Cape of Good Hope Colonial (perpetual).

✱ No. 2387.] [19 November 1954.

BANKWET, 1942.—REGISTRASIE.

Ingevolge artikel *elf* (1) van die Bankwet, 1942, word hierby vir algemene inligting bekendgemaak dat onderstaande instellings op 12 November 1954, kragtens artikel *ses* van genoemde Wet, as *Handelsbanke* geregistreer is en dat hul voorlopige registrasie met ingang van genoemde datum ingetrek is:—

Banque de l'Indochine (South Africa), Limited.
The South African Bank of Athens, Limited.

✱ No. 2389.] [19 November 1954.

DOEANEWET, No. 35 VAN 1944.—HERROEPING VAN 'N GEWONE DUMPINGREG OP TELEFOONKABELS.

Ek, NICOLAAS CHRISTIAAN HAVENGA, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *twee-en-tagtig* van die Doeanewet, No. 35 van 1944, herroep hierby Goewermentskennisgewing No. 1947 van 24 September 1954.

N. C. HAVENGA,
Minister van Finansies.

OPMERKING.—Die uitwerking van hierdie kennisgewing is om die gewone dumpingreg op telefoonkabels wat uit die Koninkryk van die Nederlande ingevoer word of daarvandaan afkomstig is, te herroep.

DEPARTEMENT VAN LANDE.

✱ No. 2337.] [19 November 1954.

VERKOOP VAN KROONGROND.

Hiermee word vir algemene inligting bekendgemaak dat die eiendom, Perseel Aeradio, geleë in die Afdeling Maclear, Provinsie Kaap die Goeie Hoop, groot 2·5745 morg, om 11 vm. op Saterdag, 11 Desember 1954, per publieke veiling te koop aangebied sal word deur die firma Maclear Livestock Auctions, by die Magistraatskantoor, Maclear.

Die verkoop van die grond is onderworpe aan bekragtiging deur die Minister van Lande en ingeval dit nie bekragtig word nie, sal alle gedrae wat die koper mag gedeponeer het, aan hom terugbetaal word.

Die koopprys, die Kroongrondbriefregistrasiegeld (£1. 7s. 3d.), hereregte (3 persent van koopprys), asook die afslaer se kommissie (5 persent op eerste £100 en daarna 2½ persent op saldo van die koopprys), moet deur die koper op die verkoopdag gedeponeer word.

'n Kroongrondbrief ten opsigte van die grond sal uitgereik word so spoedig moontlik na bekragtiging van die verkoop deur die Minister van Lande.

Die verkoopsvoorwaardes, met inbegrip van dié voorwaardes wat in die Kroongrondbrief ingelyf sal word, sal op die dag van die veiling deur die afslaer voorgelees word. Insae in die betrokke voorwaardes kan intussen verkry word in die kantoor van die Provinsiale Verteenwoordiger, Departement van Lande, Longkloofgebou, Kloofstraat, Kaapstad, die Magistraat, Maclear, en die afslaer. Kopieë van die voorwaardes en afdrukke van die kaart van die grond is verkrygbaar by enigeen van genoemde kantore.

Die Departement behou hom die reg voor om die eiendom of enige gedeelte daarvan van die verkoop te onttrek.

✱ No. 2350.] [19 November 1954.

CAPE DIVISION.—PROPOSED LEASE TO SOUTH AFRICAN SEA PRODUCTS, LIMITED, OF CERTAIN RECLAIMED LAND BEING LOT HULK, SITUATE IN THE HOUT BAY LOCAL AREA, FOR THE ERECTION OF A FISH FACTORY.

It is hereby notified that it is intended to place before Parliament an application by South African Sea Products, Limited, for the lease of certain reclaimed land, being Lot Hulk, situate in the Hout Bay Local Area, Division of Cape, Province of the Cape of Good Hope, measuring 39,316 square feet, for establishing thereon a fish factory.

Notice of this intention is accordingly published in terms of the proviso to section *five* of the Sea-Shore Act, No. 21 of 1935. (LANDS D. 17785/26.)

✱ No. 2351.] [19 November 1954.

It is hereby notified for general information that Douglas Newall, Principal Clerk, has been appointed to act as Assistant Registrar of Deeds, Pietermaritzburg, from time to time, whenever necessary, during the absence on duty or leave of both Messrs. D. P. Conyngham and E. L. van Aardt, or during the time when either of them is absent on duty or leave and the other is acting as Registrar in the absence of Mr. L. C. H. Billett.

✱ No. 2352.] [19 November 1954.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General has been pleased to approve, in accordance with the provisions of sections *five* and *six* of the National Parks Act, No. 56 of 1926, as amended, of the appointment of Johannes Nicolas Malan as a member of the National Parks Board of Trustees for the unexpired period of Burgert Muller's (resigned) term of office, i.e. until the 16th September, 1957.

✱ No. 2377.] [19 November 1954.

It is hereby notified, in terms of section *five* of the Sea-shore Act, No. 21 of 1935, that it is the intention of the Minister of Lands to place before Parliament an application by William George Lansley and Caroline Agnes Lansley (born Devenish) in their capacity as owners of the Selection Hotel, for (i) a lease of a portion of the seashore approximately six (6) feet wide and one hundred (100) feet long, opposite Subdivision No. 35 of Lot B, Block A, Cotton Lands No. 1575, Umhloti Beach, North Coast, Natal, for the purpose of laying a pipeline for the discharge of sewage and waste water effluent into the sea from the hotel; and (ii) permission to extend and lay the said pipeline on the bed of the sea for a distance of twenty (20) feet.

A sketch, indicating the locality, may be inspected at the office of the Provincial Representative, Department of Lands, Pietermaritzburg.

DEPARTMENT OF IRRIGATION.

✱ No. 2378.] [19 November 1954.

It is hereby notified for general information that Pieter Krygswet Goosen has been appointed to act as Director of Irrigation with effect from the 23rd November, 1954, during the absence on leave of David Francois Marais.

✱ No. 2350.] [19 November 1954.

AFDELING KAAP.—VOORGESTELDE VERHUUR AAN SOUTH AFRICAN SEA PRODUCTS, LIMITED, VAN SEKERE DROOGGELEGDE GROND, NAAMLIK PERSEEL HULK, GELEË IN DIE PLAASLIKE GEBIED VAN HOUTBAAI, VIR DIE OPRIGTING VAN 'N VISFABRIEK.

Hierby word bekendgemaak dat die voorneme bestaan om 'n aansoek van South African Sea Products, Limited, om die huur van sekere drooggelegde grond, naamlik Perseel Hulk, geleë in die Plaaslike Gebied van Houtbaai, Afdeling Kaap, Provinsie Kaap die Goeie Hoop, en 39,316 vierkante voet groot, vir die oprigting daarop van 'n visfabriek, aan die Parlement voor te lê.

Kennisgewing van hierdie voorneme word gevolglik gepubliseer ingevolge die voorbehoudsbepaling van artikel *vyf* van die Strandwet, No. 21 van 1935.

(LANDE D. 17785/26.)

✱ No. 2351.] [19 November 1954.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat Douglas Newall, Eerste Klerk, aangestel is om van tyd tot tyd, wanneer nodig, as Assistent-registrateur van Aktes, Pietermaritzburg, op te tree gedurende die afwesigheid van sowel mnr. D. P. Conyngham as mnr. E. L. van Aardt met verlof of in verband met ampspligte, of gedurende die tydperk wanneer die een of die ander afwesig is met verlof of in verband met ampspligte en die ander waarneem as Registrateur gedurende die afwesigheid van mnr. L. C. H. Billett.

✱ No. 2352.] [19 November 1954.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om, ooreenkomstig die bepalings van artikels *vyf* en *ses* van die Wet op Nasionale Parke, No. 56 van 1926, soos gewysig, sy goedkeuring te heg aan die aanstelling van Johannes Nicolas Malan as lid van die Raad van Kuratore vir Nasionale Parke vir die onverstreke tydperk van Burgert Muller (bedank) se ampstermyn, d.w.s. tot 16 September 1957.

✱ No. 2377.] [19 November 1954.

Hierby word, ingevolge artikel *vyf* van die Strandwet, No. 21 van 1935, bekendgemaak dat die Minister van Lande voornemens is om aan die Parlement 'n aansoek van William George Lansley en Caroline Agnes Lansley (gebore Devenish), in hul hoedanigheid van eienaars van die Selection Hotel voor te lê om (i) 'n gedeelte van die strand, ongeveer ses (6) voet breed en eenhonderd (100) voet lank, regoor Onderverdeling No. 35 van Perseel B, Blok A, Cotton Lands No. 1575, Umhlotistrand, Noordkus, Natal, te huur met die doel om 'n pyplyn aan te lê vir die wegvoer van riool- en vuilwateruitvloeisels van die hotel af die see in; en (ii) toestemming tot die verlenging en aanlê van genoemde pyplyn op die seebedding oor 'n afstand van twintig (20) voet.

'n Skets wat die ligging aantoon, lê ter insae op die Kantoor van die Provinsiale Verteenwoordiger, Departement van Lande, Pietermaritzburg.

DEPARTEMENT VAN BESPROEIING.

✱ No. 2378.] [19 November 1954.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat Pieter Krygswet Goosen met ingang van 23 November 1954 aangestel is om as Direkteur van Besproeiing waar te neem gedurende die afwesigheid, met verlof, van David Francois Marais.

✱ No. 2379.] [19 November 1954.

MOOIBANK GOVERNMENT IRRIGATION SCHEME, DISTRICT POTCHEFSTROOM, TRANSVAAL.

It is hereby notified in terms of the regulations published under Government Notice No. 2306, dated 1st November, 1946, as amended by Government Notice No. 1559, dated 1st August, 1947, that the Minister of Irrigation has determined that the maximum extent of land comprised in each piece of land included in the Mooibank Government Irrigation Area which may be irrigated by means of water from the Mooibank Government Irrigation Works, shall not exceed 7 morgen, except in the undermentioned cases, subject (*a*) to the land being commanded by the Government Irrigation Works, and (*b*) to the said land being in the opinion of the Scheduling Courts which are appointed by the Minister of Irrigation from time to time, irrigable and suitable for the cultivation of crops.

Description of Piece of Land.	*Maximum extent of part of piece of land in respect of which water may be supplied in morgen, subject to the above-mentioned conditions (a) and (b).*
Mooibank Settlement (being a portion of Potchefstroom Townlands No. 135)—	
Plot No. 41 and remaining extent of Plot No. 7	8
Plots Nos. 19, 20, 21, 32, 38, 39, 40, 43, 50, 53 and 54	9
Plots Nos. 2, 3, 4, 5, 6, 9, 11, 17, 18, 23, 29, 33, 37, 42, 59, 61 and remaining extent of Plot No. 28	10
Plots Nos. 26, 31, 34, 35, 51, 57 and 58	11
Plots Nos. 27 and 52	12

DEPARTMENT OF RAILWAYS, HARBOURS AND AIRWAYS.

✱ No. 2353.] [19 November 1954.

His Excellency the Governor-General has been pleased to approve, in terms of section *two* of the Railways and Harbours Service Act, No. 23 of 1925, of the following appointments:—

(i) Daniel Maartens Robbertze, Esq., to the position of Deputy General Manager, Johannesburg, with effect from 1st January, 1955.

(ii) Johannes Petrus Laurens, Esq., to the position of Head, Division Planning, Co-ordinating and Research, General Manager's Office, Johannesburg, with effect from 1st November, 1954.

(iii) Johannes Gerdener Grové, Esq., B.A., B.Comm., to the position of Assistant General Manager (Commercial), General Manager's Office, Johannesburg, with effect from 1st January, 1955.

(iv) Johannes Petrus Hugo, Esq., to the position of Assistant General Manager (Staff), General Manager's Office, Johannesburg, with effect from 27th December, 1954.

DEPARTMENT OF AGRICULTURE.

✱ No. 2344.] [19 November 1954.

TOBACCO COTROL SCHEME.

LEVY AND SPECIAL LEVY ON TOBACCO.

In terms of section *twenty-nine* of the Marketing Act, 1937 (Act No. 26 of 1937), as amended, I STEPHANUS PETRUS LE ROUX, Minister of Agriculture, do hereby make known that the Tobacco Industry Control Board referred to in section 3 of the Tobacco Control Scheme, published by Proclamation No. 51 of 1939, as amended, has, in terms of section 18 and section 18 *bis* of that Scheme, and with my approval, imposed with effect from the date of publication hereof, a levy and a special levy on tobacco as set out in the Schedule hereto.

✱ No. 2379.] [19 November 1954.

STAATSBESPROEIINGSKEMA MOOIBANK, DISTRIK POTCHEFSTROOM, TRANSVAAL.

Hierby word ingevolge die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 2306 van 1 November 1946, soos gewysig by Goewermentskennisgewing No. 1559 van 1 Augustus 1947, bekendgemaak dat die Minister van Besproeiing bepaal het dat die maksimum grootte van die grond in elke stuk grond in die Staatsbesproeiingsgebied, Mooibank, wat met water uit die Staatsbesproeiingswerke, Mooibank, besproei kan word, nie 7 morg mag oorskry nie, behalwe in onderstaande gevalle, mits (*a*) die grond deur die Staatsbesproeiingswerke bedien kan word, en (*b*) dat genoemde grond volgens die mening van die Inlystingshowe wat van tyd tot tyd deur die Minister van Besproeiing aangestel mag word, besproeibaar is en geskik is vir die verbouing van gewasse.

Beskrywing van stuk grond.	*Maksimum grootte van gedeelte van stuk grond ten opsigte waarvan water verskaf kan word in morg, onderworpe aan bogenoemde voorwaardes (a) en (b).*
Mooibanknedersetting ('n gedeelte van Potchefstroom-dorpsgronde No. 135)—	
Perseel No. 41 en die restant van Perseel No. 7	8
Persele Nos. 19, 20, 21, 32, 38, 39, 40, 43, 50, 53 en 54	9
Persele Nos. 2, 3, 4, 5, 6, 9, 11, 17, 18, 23, 29, 33, 37, 42, 59, 61 en die restant van Perseel No. 28	10
Persele Nos. 26, 31, 34, 35, 51, 57 en 58	11
Persele Nos. 27 en 52	12

DEPARTEMENT VAN SPOORWEË, HAWENS EN LUGDIENS.

✱ No. 2353.] [19 November 1954.

Dit het sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om kragtens artikel *twee* van die Spoorwegen en Havens Dienst Wet, No. 23 van 1925, goedkeuring te verleen aan die volgende aanstellings:—

(i) Die Weledele Heer Daniel Maartens Robbertze in die pos van adjunk-hoofbestuurder, Johannesburg, met ingang van 1 Januarie 1955.

(ii) Die Weledele Heer Johannes Petrus Laurens in die pos van hoof, beplanning, koördinasie en navorsing, Hoofbestuurderskantoor, Johannesburg, met ingang van 1 November 1954.

(iii) Die Weledele Heer Johannes Gerdener Grové, B.A., B.Comm., in die pos van assistent-hoof bestuurder (handel), Hoofbestuurderskantoor, Johannesburg, met ingang van 1 Januarie 1955.

(iv) Die Weledele Heer Johannes Petrus Hugo, in die pos van assistent-hoofbestuurder (personeel), Hoofbestuurderskantoor, Johannesburg, met ingang van 27 Desember 1954.

DEPARTEMENT VAN LANDBOU.

✱ No. 2344.] [19 November 1954.

TABAKREËLINGSKEMA.

HEFFING EN SPESIALE HEFFING OP TABAK.

Ooreenkomstig artikel *nege-en-twintig* van die Bemarkingswet, 1937 (Wet No. 26 van 1937), soos gewysig, maak ek, STEPHANUS PETRUS LE ROUX, Minister van Landbou, hierby bekend dat die Raad van Beheer oor die Tabaknywerheid, genoem in artikel 3 van die Tabakreëlingskema, gepubliseer by Proklamasie No. 51 van 1939, soos gewysig, kragtens artikels 18 en 18 *bis* van daardie skema, en met my goedkeuring, met ingang van die datum van publikasie hiervan 'n heffing en 'n spesiale heffing op tabak gelê het soos in die Bylae hieronder uiteengesit.

Government Notices Nos. 2389 and 2390 of 30th October, 1953, are hereby repealed.

S. P. LE ROUX,
Minister of Agriculture.

SCHEDULE.

(*a*) A levy of one-fifth penny ($^1/_5$d.) per pound in respect of all classes and grades of leaf tobacco, and

(*b*) a special levy of one-half penny (½d.) per pound in respect of all grades of dark aircured leaf tobacco and four-fifths penny ($^4/_5$d.) per pound in respect of all other classes and grades of leaf tobacco.

✱ No. 2345.] [19 November 1954.

DESIGNATION OF GRAPE VARIETIES.

Under the powers vested in me by the definition of "grapes" in section *one* of the Wine and Spirits Control Amendment Act, 1954 (Act No. 22 of 1954), I do hereby designate grapes of the varieties named in the Schedule hereto as "grapes" for the purposes of the said Act.

SCHEDULE.

Grapes of the varieties Almeria (Ohanez), Alphonse Lavallee, Bailey, Barlinka, Barbarossa, Black Prince, Canon Hall, Cornichon, Chrystal, Donzellinho do Callego, Ferdinand de Lesseps, Flaming Tokay, French, Gobernador, Golden Hill, Gros Colmar, Gros Maroc, Gros Noir, Hanepoot (White and Red), Henab Turki, Hermitage, Hunisa, Keuka, Madeleine, Malaga, Molinera Gorda, Muskaat Hamburg, New Cross, Olivette, Pearl of Csaba, Prune de Cazouls, Queen of the Vineyard, Raisin Blanc, Red Emperor, Ribier, Rosada, Rosaki, Tribodo Bianco, Waltham Cross, White Cross, White Prince and White Spanish.

S. P. LE ROUX,
Minister of Agriculture.

✱ No. 2346.] [19 November 1954.

SUSPENSION OF CERTAIN PROVISIONS OF THE WINE AND SPIRITS CONTROL AMENDMENT ACT, 1940, IN SO FAR AS THEY RELATE TO THE DROSTDYSE KOÖPERATIEWE WYNKELDER, BEPERK.

Whereas I am satisfied that, notwithstanding the suspension of the operation of certain provisions of the Wine and Spirits Control Amendment Act, 1940 (Act No. 23 of 1940), as amended, in so far as they relate to the Drostdyse Koöperatiewe Wynkelder, Beperk, a co-operative company which, at the date of the commencement of that Act, was the holder of a wholesale liquor licence issued under the Liquor Act, 1928 (Act No. 30 of 1928), the objects of the said Wine and Spirits Control Amendment Act will be substantially attained if the conditions of suspension are observed;

And whereas the Ko-operatieve Wijnbouwers Vereniging van Zuid-Afrika Beperkt has recommended such suspension;

Now therefore, under the powers vested in me by section *twenty-four bis* of the said Wine and Spirits Control Amendment Act, I do hereby suspend the operation in so far as they relate to the said Drostdyse Koöperatiewe Wynkelder, Beperk, of all the provisions of—

(1) sub-section (1) of section *two* thereof under which no co-operative society or co-operative company shall sell or dispose of any wine except through or with the consent of the said vereniging;

(2) sub-section (1) of section *three* thereof, under which no person licensed to deal in liquor and no distiller shall purchase or acquire any wine from any co-operative society or co-operative company except through or with the consent of the said vereniging;

Goewermentskennisgewing Nos. 2389 en 2390 van 30 Oktober 1953 word hierby herroep.

S. P. LE ROUX,
Minister van Landbou.

BYLAE.

(*a*) 'n Heffing van een-vyfde pennie ($^1/_5$d.) per pond ten opsigte van alle klasse en grade blaartabak.

(*b*) 'n Spesiale heffing van 'n halfpennie (½d.) per pond ten opsigte van alle grade van donker luggedroogde blaartabak en vier-vyfde pennie ($^4/_5$d.) per pond ten opsigte van alle ander klasse en grade blaartabak.

✱ No. 2345.] [19 November 1954.

AANWYSING VAN DRUIFVARIËTEITE.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by die omskrywing van „druiwe" in artikel *een* van die Wysigingswet op die Kontrole oor Wyn en Spiritualieë, 1954 (Wet No. 22 van 1954), wys ek hierby druiwe van die variëteite in die Bylae hierby genoem aan as „druiwe" vir die toepassing van genoemde Wet.

BYLAE.

Druiwe van die variëteite Almeria (Ohanez), Alphonse Lavallee, Bailey, Barlinka, Barbarossa, Black Prince, Canon Hall, Cornichon, Donzellinho do Gallego, Ferdinand de Lesseps, Fransdruif, Gobernador, Golden Hill, Gros Colmar, Gros Maroc, Gros Noir, Hanepoot (Wit en Rooi), Henab Turki, Hermitage, Hunisa, Keuka, Kristal, Madeleine, Malaga, Molinera Gorda, Muskaat Hamburg, New Cross, Olivette, Paarl of Csaba, Prune de Cazouls, Queen of the Vineyard, Raisin Blac, Red Emperor, Ribier, Rosada, Rosaki, Tribodo Bianco, Vlamkleur Tokai, Waltham Cross, White Cross, White Prince en White Spanish.

S. P. LE ROUX,
Minister van Landbou.

✱ No. 2346.] [19 November 1954.

OPSKORTING VAN SEKERE BEPALINGS VAN DIE WYSIGINGSWET OP DIE KONTROLE OOR WYN EN SPIRITUALIEË, 1940, VIR SOVER HULLE BETREKKING HET OP DIE DROSTDYSE KOÖPERATIEWE WYNKELDER, BEPERK.

Nademaal ek oortuig is dat, ondanks die opskorting van die werking van sekere bepalings van die Wysigingswet op die Kontrole oor Wyn en Spiritualieë, 1940 (Wet No. 23 van 1940), soos gewysig, vir sover hulle betrekking het op die Drostdyse Koöperatiewe Wynkelder, Beperk, 'n koöperatiewe maatskappy wat op die datum van inwerkingtreding van daardie Wet die houer was van 'n groothandelaarsdranklisensie kragtens die Drankwet, 1928 (Wet No. 30 van 1928), uitgereik, die oogmerke van die genoemde Wysigingswet op die Kontrole oor Wyn en Spiritualieë wesenlik bereik sal word as die voorwaardes van die opskorting nagekom word;

En nademaal die Ko-operatieve Wijnbouwers Vereniging van Zuid-Afrika, Beperkt, sodanige opskorting aanbeveel het;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *vier-en-twintig bis* van genoemde Wysigingswet op die Kontrole oor Wyn en Spiritualieë, hierby die werking van al die bepalings van—

(1) subartikel (1) van artikel *twee* daarvan, waarvolgens geen koöperatiewe vereniging of koöperatiewe maatskappy wyn mag verkoop of van die hand sit nie, uitgenome deur of met toestemming van die genoemde vereniging;

(2) subartikel (1) van artikel *drie* daarvan, waarvolgens geen persoon wat gelisensieer is om in drank handel te dryf en geen distilleerder wyn van 'n koöperatiewe vereniging of koöperatiewe maatskappy mag koop of verkry nie uitgenome deur of met toestemming van genoemde vereniging;

(3) sub-section (1) of section *six* thereof, under which every person licensed to deal in liquor and every distiller who purchases wine from a co-operative society or co-operative company, shall pay the purchase price to the said vereniging; and

(4) of that provision of the regulations contained in Government Notice No. 1771 of the 1st December, 1940, under which the said Drostdyse Koöperatiewe Wynkelder, Beperk, is required to keep records or render returns on forms C.13, C.15, C.18, C.19, C.20, C.27, C.28 and C.29;

on condition that—

(1) the said Drostdyse Koöperatiewe Wynkelder, Beperk, shall not mix with wine produced in another year, or sell, alienate or otherwise dispose of wine, as defined in the said Wine and Spirits Control Amendment Act, produced by it in any year from grapes delivered to it by its members during that year before the quantity of wine so produced in the year last mentioned has been ascertained and recorded by the said vereniging;

